DIE VERHOOR

Vir ’n Skriflesing, vanmiddag, uit die Boek van Markus, die 16de hoofstuk van Markus. En ek wil hê julle moet staan, met julle Bybels, terwyl ons God se Woord lees. Markus 16, vanaf die 9de vers.

En nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week, het Hy eers verskyn aan Maria Magdalena, uit wie Hy sewe duiwels uitgedryf het.

Sy’t gegaan en dit vertel aan dié wat saam met Hom gewees het, terwyl hulle treur en ween.

En toe hulle hoor dat Hy lewe en deur haar gesien is, het hulle dit nie geglo nie.

En hierna het Hy aan ander gedaantes *verskyn, van twee . . .* (Verskoon my.)

En hierna het Hy in ’n ander gedaante verskyn aan twee van hulle terwyl hulle loop, op pad in die veld.

Hulle het ook gegaan en dit aan die ander vertel, maar dié het . . . ook nie geglo nie.

Later het hy aan die elf verskyn toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle ongeloof en hardheid van hart verwyt, omdat hulle dié wat Hom na Sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.

2 Is dit nie ’n prentjie vandag nie! Hulle glo nie jy het so—iets gesien nie.

En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom.

Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

3 Dit trek net die lyn, een kant of die ander.

En vir dié wat geglo het sal hierdie tekens volg: In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,

slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle hulle *hande lê, . . . hulle sal gesond word.*

Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die Hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.

Maar hulle het uitgegaan . . . oral gepreek, en die Here het saamgewerk . . . die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen.

Laat ons ons hoofde buig.

4 Here, ons glo dat hierdie die laaste opdrag aan die kerk is. Ons glo dat die Woord vlees geword het en onder ons gewandel het. En ons glo dat enige mens niks beter as sy woord is nie, daarom glo ons dat hierdie Woord U is. En ons glo dat dit U is, wat, dieselfde gister, vandag, en vir altyd is. Kom, vandag, O Vader God, in die vorm van die Woord, na ons, en laat die mense sien dat U die opgewekte Christus is, en opgerig in hierdie laaste dag, in die vorm wat U gesê het U sou wees, die gemanifesteerde Woord. Toe U op aarde was, was U die geprofeteerde Woord, gemanifesteer in 'n menslike vorm. En die Woord is geprofeteer vir hierdie dag. Kom, Here Jesus, en bring Dit vandag na ons, die Woord. Doen U interpretasie van die Woord, dat ons "onuitspreeklike vreugde, en vol heerlikheid" kan hê. Insoverre dat ons U aangenaam gevind het, en U Woorde waar gevind het, en bevestig in ons harte, dat ons van die dood oorgegaan het na die Lewe.

5 Ons is almal gebore uit daardie een boom in die tuin van Eden, wat verbode was om aangeraak te word, die vrou, want in haar is geen lewe nie; sy is net 'n eier. Die lewe kom van die Man af, wat Christus was. En ons is gebore uit 'n vrou, en, soos die Bybel ons vertel het: "van min dae, en vol droefheid en probleme."

6 Vader, ons is ook gebore uit die Lewe-gewende, uit die Man. Die manlike kom na die vroulike, en die kiem is van die manlike; soos U Gees die maagd oorskadu het, en in haar skoot die Bloedsel geskep is; die Bloedsel, nie Joods nie, nie Heidens nie, maar God, geskepte Bloed. In daardie Bloed, vestig ons ons hoop. Dit was nie uit 'n vrou nie, ook nie uit 'n man nie; dit was uit God.

7 So bid ons vandag, Here, soos ons onsself sien as deelgenote van die vrou-boom, en ons almal moet sterf omdat daar geen lewe in die vrou is nie, nou ook, Vader, is ons die voorreg gegun om deelgenoot te wees van die Man-Boom, wat Christus was. En nou, deur Hom, het ons Lewe, Lewe, die Woord, wat Lewe onder ons gemaak is. Skenk, Here, dat hierdie dinge so 'n werklikheid vir die Kerk sal word, dat hulle sal sien, en ons die uur sal verstaan waarin ons lewe.

8 Genees die siekes en die beproefdes. Mag daar nie 'n swak persoon onder ons wees, vanmiddag, wanneer die diens sluit nie. Mag dit so lank onder die mense onthou word! Mag U dienaars, die—die pastore, die herders, mag hulle net so geïnspireer word, totdat hulle kerke gerewolusioneer sal word, en die groot dienste sal plaasvind, en 'n outydse herlewing net hier in die stad sal begin, onder hulle, wat deur staat en volk sal trek, en selfs wêreldwyd. Skenk dit, Here. U hou die sleutels van hierdie gebed in U hand. Help ons, bid ons, in Jesus se Naam. Amen.

Julle mag maar sit.

9 God moet oordeel oor die aarde bring. En God moet iets hier hê, 'n standaard, om die wêreld volgens te oordeel, omdat dit onregverdig sou wees, in God, om die wêreld te oordeel, en die wêreld wat geen standaard geken het om te volg nie. Hoeveel glo dis waar? As die kerk die standaard is, watter een is dit? Die Woord, God het gesê Hy sou die wêreld oordeel volgens Jesus Christus. Hy is die Woord. "In die begin was die Woord, die Woord was by God, en die Woord was God. Die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." "Dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

10 Nou wil ek praat met julle vanmiddag oor 'n baie vreemde onderwerp, mag dit vir julle wees. Maar in hierdie onderwerp, gaan ek my Here 'n—'n regverdige verhoor gee. Ek dink nie Hy het die regte soort van 'n verhoor voor Pilatus se hof ontvang nie. Ek—ek glo nie Hy het gehad-die regte verhoor gehad nie, daarom het hulle fout gevind met Hom, en Hom veroordeel en Hom gekruisig. Maar ons gaan optree vanmiddag, asof in hierdie verhoor.

En julle sê: "Kan jy Hom 'n verhoor gee?"

11 As Hy die Woord bly, kan ons Hom die verhoor gee, want Hy is steeds die Woord. En ons kan Hom 'n verhoor gee. En ek wil sien dat in hierdie hof, vanmmiddag, soos ons hierdie gebou neem om die hof te verteenwoordig, dat ons wil sien dat Hy 'n reverdige verhoor ontvang, of dit vir Hom of teen Hom is. Ons wil albei kante gee. En dan, in hierdie geval, wil ek Hom verhoor, wat die Woord is.

12 Nou, hierdie Skrif wat ek pas gelees het, Markus die 16de hoofstuk, selfs Doktor Scofield het hier gesê: "Vanaf die 9de vers, is nie gevind in twee van die oudste manuskripte nie." Dit word algemeen geglo onder die mense, dat, ons leraars vandag wat dit so wil glo, dat dit daar ingesit is deur die Vatikaan.

13 Maar ek vind dat Irenaeus en baie van die vroeë skrywers verwys na Markus 16. Soos julle ander mense wat geskiedenis bestudeer, Bybelgeskiedenis, weet dat daardie vroeë apostels, en selfs na Jesus se dood, en toe Polycarp, en Irenaeus, en Sint Martin, en Sint Columba, en hulle almal, terugverwys het na hierdie Markus 16. So dit moes eg gewees het, of hulle sou nooit daarna verwys het nie. En Johannes was die eerste wat die sendbriewe bymekaar gesit het, en Polycarp was 'n boesemvriend van hom en het hom gehelp om dit te doen, volgens die geskiedenis.

14 Nou vind ons uit vandag hulle glo dit nie. Hulle probeer wegkom van die werklikheid van God wat werklik is; in plaas daarvan, net 'n verklaring of 'n geloofsbelydenis. Die ware God, hierdie hoofstuk sou dit bewys om te wees, en elke bewys wat hulle kan kry.

15 Soos 'n sekere groot leraar, president van die Sudan Sendings, my vroutjie daar oorkant was teenwoordig toe hy gekom het na my plek, Paris Reedhead. En hy het gesê: "Broer Branham, ek verstaan dat jy 'n Baptis was."

Ek het gesê: "Ja, meneer, dis reg."

16 En hy het gesê: "Wel," gesê: "ek wil vir jou iets vra." Hy het gesê: "Toe ek 'n seuntjie was," gesê: "het ek 'n ondervinding gehad. En my ma het gewas en alles, om my skool toe te stuur. En ek het gedink, sekerlik, dat toe ek my B.A. behaal het, dat ek Christus sou vind." Hy het gesê: "Dit, toe dit vir my gegee is, het ek Dit nie gevind nie. Toe ek my Doktorsgraad behaal het, het ek gedink ek sou Dit vind. Toe ek my LLD behaal het, het ek gedink ek sou Dit vind." Hy het gesê: "Broer Branham, ek het genoeg grade, beide letterlik en-letterlik en ook ere, dat ek jou mure met hulle kan pleister. Maar waar is die God van die Bybel?" Hy het gesê: "Was die leraars verkeerd?"

Ek het gesê: "Wie is ek om te sê dat die leraars verkeerd was?"

17 Hy het gesê: "Wel, hier is wat ek verstaan, dat jy Pinkster geword het."

18 En ek het gesê: "Wel, ek sê nie ek . . . Ek glo, toe ek gebore is in die Koninkryk van God, was ek outomaties pinkster," het ek gesê: "want pinkster is nie 'n organisasie nie. Hulle het dit probeer maak, maar dit is nie. God sal 'n Presbiteriaan, Lutheraan, of wat jy ook al is, vul. Sien, so dis 'n ondervinding en nie 'n organisasie nie. Jy kan dit nie organiseer nie. Dis 'n ondervinding."

19 En hy het gesê: "Wel, ek wil vir jou sê wat gebeur het." Hy het gesê: "Uit Indië, in daardie dae, stuur hulle mense hiernatoe vir hulle opvoeding." Gesê: "In ons skool, was daar 'n goeie Indiese seun wat hiernatoe gekom het en hy het sy geleerdheid verwerf. En toe hy teruggegaan het . . ." Ek dink hy sou wees, ek dink, elektriese ingenieur of iets. Hy het gesê: "Maar toe ons . . ."

20 Hulle het 'n skool net soos Broer Oral Roberts het daarbo. Hulle onderrig ingenieurswese en wat ook al.

21 So hy het gesê: "Op pad terug, het ek saam met nog 'n prediker, vir hom gesê: 'nou, gaan terug na Indië . . .'" En jy weet die—die Indiërs aanbid Mohammed. En hy het gesê: "'Waarom verlaat jy nie jou ou dooie profeet, en ontvang 'n opgewekte Here Jesus nie; en neem 'n ware God terug na Indië saam met jou, om jou mense te vertel nie?'"

22 Hy het gesê: "Meneer," het hy gesê: "wat kan jou Here Jesus vir my meer doen as wat my profeet kan doen?"

23 En hy het gesê: "Wel, my Here Jesus kan jou Ewige Lewe gee. Dis 'n belofte in die Woord."

24 Hy het gesê: "My profeet, Mohammed, het dieselfde ding belowe, in sy woord."

25 En hy het gesê: "Wel, jy sien," het hy gesê: "my Here Jesus het opgestaan uit die dood. Jou profeet is in die graf."

26 Hy het gesê: "Het Hy opgestaan uit die dood?" Gesê: "Julle het tweeduisend jaar gehad om dit te bewys, en tagtig persent van die wêreld het nooit eens daarvan gehoor nie." Hy het gesê: "Laat Mohammed uit die dood opstaan, en die hele wêreld sal dit weet, binne vier-en-twintig uur."

27 Nou, het hy gesê: "Wel, kyk," het hy gesê: "Jesus het opgestaan uit die dood." Gesê: "Ek kan dit bewys omdat Hy in my hart woon," het die Christen gesê.

28 En die Mohammedaan gesê: "En, meneer, Mohammed woon in my hart."

Hy het gesê: "Maar, jy sien, ons het krag en vreugde."

29 Hy het gesê: "Meneer, die Mohammedaanse godsdiens kan net soveel sielkunde voortbring as wat Christendom kan." En dis die waarheid.

30 Ek het hulle sien lê in die straat en skree: "Allah," en in so 'n toestand raak, hulle kon neem. . . Ek en Billy het gestaan en kyk hoe 'n man 'n swaard reg onderdeur sy hart steek; en 'n dokter het daarop gekom en water daardeur gegooi, en dit het uitgekom; dit uitgetrek, en dit het hom nooit seergemaak nie. Hulle splinters sien neem, en onder hulle vingernaels neem, en hulle deurdruk, en hoeke deur hulle neus steek, en dit nie eens voel of 'n druppel bloei nie. Hulle kan meer sielkunde voortbring as wat Christendom kan.

31 En Mnr. Reedhead het vir my gesê, gesê: "Ek het geweet ek praat nie met een of ander oornag-kêrel nie. En hy het gesê: "'Ons Mohammedane wag.'"

32 Soos hulle gemaak het met ons dapper broer, Billy Graham, julle het dit gelees in die koerant, toe die Mohammedane gekom het na Mnr. Graham, en gesê het: "Jy neem dertig siek mense, en ek sal dertig siek mense neem; en jy sal jou dertig genees, en ek sal my dertig deur Mohammed genees," sien, Mnr. Graham het van die toneel gevlug. Hy wou hom nie antwoord nie.

33 Ek glo nie ek sou dit gedoen het nie. Ek sou gewees het soos die Hebreeuse kinders: "Ons God is in staat om ons hiervan te verlos." Waarom het hy nie gestuur, Oral Roberts of iemand gekry nie? As hy Dit nie geglo het nie, stuur om iemand te kry wat Dit geglo het. Maar, julle sien, deur denominasionele, o, sou hulle hom reguit uitgegooi het toe. Hy't 'n werk om te doen.

34 In elk geval, toe het hy gesê: "Wanneer ons, oorkant in Indië, julle-julle Christene sien voortbring wat Jesus gesê het julle sou doen," gesê: "dan sal ons julle glo." Hy het gesê: "Hy het gesê Hy het opgestaan uit die dood, en die mense sou dit weet omdat julle dieselfde werke sou doen wat Hy gedoen het."

"Wel," het hy gesê: "ons doen groter werke."

35 Hy het gesê: "Ek het nooit gesê: 'die groter' nie. Ek wil net die werke sien wat Hy gedoen het, eerste." Wel, jy praat, jy weet jy praat nie met een of ander kêreltjie onder op die hoek nie, maar jy praat met een van daardie teo-. . . hulle en hulle teologie nie. So hy het gesê: "Ons wil die werke sien wat Hy gedoen het."

"O," het hy gesê: "miskien verwys jy na Markus 16?"

36 Hy het gesê: "Ja, meneer. Dis een van hulle, Sy laaste opdrag aan die kerk."

37 Hy het gesê: "Wel, nou, jy sien," gesê: "baie mense glo fanaties daardie hoofstuk." Hy het gesê: "Maar ons word geleer, beter leeraars in die skool, dat Markus 16, vanaf die 9de vers, nie regtig geïnspireerd is nie."

38 Hy het gesê: "Wel, Mnr. Reedhead!" Hy het gesê: "Watter deel is dan geïnspireer?" Hy het gesê: "Miskien is die res Daarvan nie geïnspireer nie. Die hele Koran is geïnspireer. Watter soort boek lees julle, wat die Bybel genoem word?"

39 Hy het gesê: "Ek het besluit in my hart ek sou kom om met jou te praat. Ja, ek sou met jou praat."

40 Daar het jy dit. As *Hierdie* nie geïnspireer is nie, wat dan van die res Daarvan?

41 Dit herinner my aan 'n dame in Chicago. Haar seun was weg na 'n kweekskool om te leer om 'n prediker te wees, een of ander Bybelskool en kweekskool. En terwyl hy weg was, het die ou moeder baie siek geword. En so het hulle die seun laat weet om 'gereed te wees,' sy moeder het so 'n hoë koors gehad, sy het longontsteking gehad, en gesê dat (sy) dit-dit 'n noodoproep kon wees. So die seun het sy klere gepak en gereed gemaak. Uiteindelik, die volgende dag, het hy geen woord ontvang deur die nag nie, en die volgende dag, gesê: "Alles is reg."

42 So omtrent 'n jaar later, het hy teruggekeer van die skool in die Ooste, een of ander groot skool van onderrig. En hy het huis toe gekom en sy kosbare moeder gegroet, en hy het gesê, nadat hy 'n rukkie gepraat het, gesê: "Moeder, ek het nooit die kans gekry om vir jou te vra wat gebeur het nie." Gesê: "Een aand het hulle vir my gesê om 'gereed te staan,' en die volgende oggend was jy 'gesond.'" Gesê: "Watter medisyne het die—die dokter gebruik?"

Gesê: Skat, die dokter het niks gebruik nie."

Hy het gesê: "Wel, hoe het jy dit gedoen?"

43 Gesê: "Jy weet waar daardie sendingstasietjie hieronder is op. . . amper by die sirkel, daar by die plein?"

"Ja."

44 Gesê: "Daar was 'n dame. Hulle het 'n biduur gehou daaronder, een aand, in hierdie sendingstasietjie, daardie arm nederige groepie mense, en," gesê: "een van hulle was

geïnspireer om hiernatoe te kom en vir my te sien. En twee vroue het gekom, en hulle het my gevra of hulle hulle pastoor kan bring en—en vir my bid, en my met olie salf, en—en," gesê: "en hulle hande lê op my, dat ek gesond sou word." En gesê: "Ek het vir hulle gesê 'sekerlik.' En hulle het die pastoor gebring en hy het sy hande op my gelê en vir my gebid." En gesê: "Skat, hy het dit reg uit die Bybel gelees, Markus die 16de hoofstuk, gesê: 'Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg.'" En gesê: "Jy weet wat? Die volgende oggend, was die dokter so stomgeslaan, hy het nie geweet wat om te doen nie. Daar was geen koors in my nie."

45 "O," het hy gesê: "moeder, jy het nie gemeng met daardie groep nie, het jy?" Gesê: "Sien," het hy gesê: "ons in die skool, ons het geleer dat Markus 16, van die 9de vers af, nie geïnspireer is nie."

Sy het gesê: "Prys God!"

46 "Wel," het hy gesê: "moeder, jy begin optree soos daardie mense."

47 Sy het gesê: "Ek het net aan iets gedink." Gesê: "Ek het die Bybel gelees, die heelpad deur, en ander beloftes in ander plekke, ook, dieselfde as daardie." En gesê: "Ek het net gedink, as God my kan genees met die ongeïnspireerde, wat kan Hy doen met dit wat regtig geïnspireerd is?" Dis reg.

48 Vir my, is dit alles geïnspireer. God, gee my geloof om dit te glo en dit te bevestig!

49 Nou gaan ons verander, vir net 'n paar oomblikke, vir 'n hofsaak. Nou, onthou, ons gaan in 'n hofsaal in, om vir Jesus, God, op die toneel te bring hier, en vir Hom 'n regverdige verhoor te gee. Hy is steeds die Woord, selfs van vandag, (glo julle dit?), net dieselfde as wat Hy toe die Woord was. [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

50 Nou, hierdie saak, die oorsaak daarvan, is die—die Woord van God se beloftes teen die wêreld. Nou kry die toneel net reg of julle sal dit nooit snap nie. Die rede vir hierdie aanklag, is verbreking van belofte: "God wat nie Sy Woord hou nie." Dis 'n verbreking van belofte. Julle weet wat dit is.

51 Nou, ons vind altyd uit dat die advokaat vir die vervolging die staat moet verteenwoordig, ek glo dis reg, die advokaat vir die vervolging. As daar 'n prokureur hier sit, ek hoop ek het dit reg. Die advokaat vir die vervolging moet die staat verteenwoordig. So die advokaat vir die vervolging in hierdie geval is die duiwel, wat God se Woord vervolg.

52 Die Verweerder van hierdie Woord, is God Self, want Hy is die Woord.

Die Getuie vir die Verdediging, in hierdie geval, is die Heilige Gees.

53 En die—die aanklaer het ’n paar getuies hier vanmiddag. En hierdie getuies, een van hulle, is Mnr. Ongelowige, die volgende is Mnr. Twyfelaar, en die volgende is Mnr. Ongeduldig. Hulle sal na die platform gebring word, en ingesweer word, en verhoor word.

54 Nou het julle die toneel van die hof, God word aangekla deur die wêreld, omdat: “Hy nie Sy Woord hou nie.” En die advokaat vir die vervolging verteenwoordig die staat, wat die wêreld verteenwoordig. En die advokaat vir die vervolging is die duiwel, wat ontken dat die Woord reg is.

55 En die advokaat vir die vervolging, vir sy getuies, bring drie getuies teen die Woord van God. En om dit te bewys, gaan hy dit vir julle bewys, vanmiddag, dat: “God nie Sy Woord hou nie, en Daarmee-Daarmee nie gepeuter moet word nie. Dis net nie waar nie. Daar is niks Daarvan waar nie.”

56 En die Verweerder is God, wat die Skepper en die Woord is, vir hierdie dag, dieselfde as daardie dag, of enige ander dag.

En die advokaat vir die vervolging het sy getuies.

57 Nou jy sê: “Waar is die jurie?” Ek praat met hulle. Julle is die jurie, en julle is ook die regter. Nou hou dit in gedagte, julle is beide jurie en regter, vir die saak. Ek is net die segsman.

58 Nou het ons die hof opgestel. Nou orde word nou geroep deur die aanklaer. ’n Orde word geroep in die hofsaal, vanmiddag, om hierdie saak tot ’n—’n konfrontasie te bring.

59 Nou baie mense het vir julle gesê dat: “Die Woord van God nie betroubaar is nie. Jy kan nie Daarop staat maak nie,” ensovoorts, en julle het dit alles gehoor. Nou laat ons Dit tot ’n ware verhoor bring. Hoeveel is gewillig, steek op julle hand en sê: “Ek wil graag hoor, en Jesus Christus, wat die Woord is, ’n regverdige verhoor ontvang”? En in ons hof, vanmiddag, gaan ons Hom ’n regverdige verhoor gee. Laat die vyand net die vyand se woorde neem en wat ook al hy het om te sê, en kyk of dit reg is. Laat ons ondersoek en Jesus Christus, die Woord, ’n regverdige verhoor gee vanmiddag.

60 Nou, hof tot orde geroep, die eerste getuie wat die aanklaer wil bring na die bank, is. . . na die bank, is Mnr. Ongelowige. Hy neem die bank in om te getuig. Nou onthou, Mnr. Ongelowige, moet nou nie hierdie karakters mis nie, of julle sal iets mis, julle mag julle genesing mis.

61 Mnr. Ongelowige kom na die bank, om te getuig. Sy klagte is, dat: “God se hele Woord van belofte is nie waar nie. Dit is nie waar nie.” Hy maak aanspraak dat, in Markus 16, bedien is aan hom-aan hom in ’n sogenaamde Heilige Gees diens. En hy het maagprobleme gehad vir ’n paar jaar, en hy het na ’n plek

gegaan waar hulle was, wat hulle genoem het: "'n Heilige Gees diens," en het geglo dat hierdie belofte van Markus 16 waar was. Daar is hande op hom gelê volgens God se belofte.

62 Hy het niks te sê teen die prediker nie; hy het dit reg uit die Woord gelees. Hy vervolg nie die prediker nie; hy vervolg God, want, dit is nie die prediker se fout nie, die prediker lees net wat God gesê het om te doen. En God het waarlik gesê, in Markus 16: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê sal hulle gesond word."

63 En hy sê hy is 'n gelowige, en hy het gekom na so 'n diens soos waar hulle Markus 16 gepreek het om waar te wees. En die prediker, met die Doop van die Heilige Gees, het aanspraak gemaak om 'n gelowige te wees en 'n prediker gestuur vir die saak, hy het sy hande op hom gelê. En dit was twee maande gelede, en sy maag is net so erg as wat dit ooit was. Daarom, maak hy aanspraak dat God nie regverdig is, om so—iets soos daardie in die Woord te sit, wanneer dit nie waar is nie.

Nou laat hom afgaan, hy het getuig.

64 Volgende op die bank is Mnr. Twyfelaar. Hy wil 'n getuienis gee. Mnr. Twyfelaar sê dat hy gepla is met-met TB, vir omtrent vyftien jaar. Maar hy was nog nie afgetree nie, dit het net aanhou uitbreek, net bly-bly voortgaan. Hy sou net 'n bietjie beter word, en dan voortgaan. En hy het gehoor van 'n plek in die stad waar daar veronderstel was om 'n goddelike prediker te gepreek het, en mense het aanspraak gemaak om genees te word volgens 'n belofte uit God, gevind in Jakobus 5:14, waar dit in die Woord van God sê: "As enige siekes onder julle, laat hom die ouderlinge van die kerk roep; en laat hulle hulle in olie salf en oor hulle bid; die gebed van die gelowige sal die sieke red, en God sal hulle oprig."

65 En hy wat siek was, en 'n gelowige, hy gaan na hierdie diens waar al hierdie mense aanspraak maak dat hulle genees is deur hierdie goddelike pastoor. En daar is aan hom bedien, volgens Jakobus 5:14. En die pastoor het net bedien volgens die Woord, hom met olie gesalf en vir hom gebid, 'n gebed van wat die pastoor gesê het "die gebed van geloof," was wat hy geglo het. En dit was amper 'n jaar gelede, en hy het nooit een resultate daarvan gehad nie, daarom dat Mnr. Twyfelaar aanspraak maak dat God onregverdig is om so 'n belofte soos daardie in die Bybel te sit en dit dan nie te ondersteun nie.

Nou, onthou, ek lees volle Evangelie beloftes hier.

66 Die volgende getuie sal nou na die bank kom. Die aanklaer roep sy volgende getuie, voordat hy die saak afsluit. Sy volgende getuie is Mnr. Ongeduldig.

67 Nou hierdie is bonatuurlike karakters wat in karakters woon. Sien, nou, hulle doen dit.

68 So Mnr. Ongeduldig kom, en hy maak aanspraak dat hy eendag in die Bybel gelees het. Hy het nie na kerke toe gegaan nie, maar hy was. . . hy was 'n gelowige. So een van hulle het gegaan na 'n evangelis, en die ander een het gegaan na 'n pastoor, en hierdie kêrel was net 'n geheime gelowige wat by die huis gebly het. En hy het gegaan en hy het gelees in Markus die 11de hoofstuk, die 22ste en 23ste verse; as julle daardie Skrifte neerskryf. Waar, Jesus Self, wat aanspraak gemaak het om God te wees, Emmanuel, hierdie stelling met Sy Eie lippe gemaak het: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie ook al vir hierdie berg sê: 'Word verskuif,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het." En hy het gesê, ook, dat: "Wanneer jy bid, glo dat jy ontvang het waarvoor jy gevra het, en dit sal aan jou gegee word."

69 Hy het gesê hy was lam in sy voete, vir omtrent vyf-en-twintig jaar. En vyf jaar gelede, terwyl hy in die kamer gesit het, gevoel het dat hy geïnspireerd was om die Woord te lees, wat hy sê hy geglo het, en met sy hele hart hy dit geglo het. En hy het toe gesê, met sy eie stem: "Kreupelheid in my bene, in die Naam van Jesus Christus, verlaat my," het hy gesê. En dit was vyf jaar gelede, en hy's net so kreupel as wat hy ooit was.

70 So, daarom, Mnr. Ongeduldig wil sy getuienis teen die Woord as die onfeilbare, stel, wil dit teen die Bybel as die geïnspireerde Woord stel, en sê dat hierdie belofte nie waar is nie; hy het Dit getoets, en "Dit was nie waar nie." Mnr. Twyfelaar het gesê hy het Dit getoets, en "Dit was nie waar nie." Mnr. Ongelowige het gesê hy het Dit getoets, en "Dit was nie waar nie." Al drie hierdie getuies gee Skriftuurlike aanhalings, Skriftuurlike beloftes, en sê dat hierdie belofte so lui, jy kan dit uit die Bybel lees, en hulle is 'n getuie dat "Dit nie die Waarheid is nie."

71 Daarom, moet die Bybel weggegooi word; want, as een deel Daarvan, een vers Daarvan nie vertrou kan word nie, kan ek niks Daarvan vertrou nie. Dit moet alles die Waarheid wees, of niks Daarvan is die Waarheid nie. 'n Ketting is net die sterkste by sy swakste skakel. Julle weet wat ek bedoel.

72 Nou die aanklaer kom nou vorentoe en bring die aanklag en om die saak af te sluit. Hy wil dit afsluit. Nou kyk wat hy sê. "God is nie geregverdig om sulke onbesonne beloftes in Sy Woord te plaas, vir Sy gelowige kinders om hulle geloof volgens te toets nie, want hulle is nie waar nie." Hy het getuies hier, om te bewys, dat hierdie Woord wat God belowe het in Sy Woord as die Waarheid, hy het getuies wat hier sit, en kan wys deur dokters bewys en deur getuienis, dat hulle siek was, hulle was *dit*, hulle was *dat*. "En hulle het hierdie Goddelike, veronderstel om te wees, geïnspireerde Skrifte aanvaar, en hulle op die proef gestel, en hulle is nie waar nie." Hy het getuies om dit te bewys, dat: "Hierdie Woorde nie waar is nie, want Hy het elkeen van hulle toe gefaal."

73 Nou, nou let weer op. "En Hy het gefaal. God het nagelaat om hierdie gelowiges, wat in Sy Woord geglo het, wat dit net presies geneem het, deur die roetine gegaan het, presies wat Hy gesê het, en toe het God nooit 'n vinger beweeg om enigiets te doen volgens Sy belofte nie; jare en jare het verbygegaan." Toe het hy gesê: "Wat as die ander Skrifte, soos om gedoop te word: 'hy wat glo en gedoop word sal gered word,' dan is daar niemand gered nie? Wat van hierdie Skrifte wat belowe het dat Hy sou terugkeer? Daar is geen van hulle reg nie. Want, *hierdie* is nie reg nie, en *daardie* is nie reg nie. Dis net 'n Boek van fiksie. En hierdie manne is gelowiges. Tog, Hy, God, belowe alle dinge is moontlik vir gelowiges, en hierdie is gelowiges.

74 "Tog, weer, maak Hy aanspraak om te lewe na Sy kruisiging. Die Bybel sê, dat: 'Hy opgestaan het uit die dood, en dieselfde bly, gister, vandag, en vir altyd.' En niemand het hierdie Man gesien met spykermerke in Sy hande, wat onder die kerk wandel, ensovoorts nie. En Hebreërs 13:8 is nie so nie. Hy is nie dieselfde gister, vandag, en vir altyd nie, want Hy was nooit meer as 'n mens nie. Hy kan nie Sy belofte hou nie. Hy het bewys, deur hierdie getuies, Hy hou nie Sy belofte nie, daarom moet die Boek weggegooi word in die vullisdrom en van vergeet word. Daar is nie so—iets nie."

75 Nou, onthou, ek gebruik die stem van die aanklaer, wat sy saak afsluit. "Goed, Hy het gesê in Lukas 17:30, waar Hy gesê het: 'In die laaste dae, sou die Seun van die mens geopenbaar word,' sou God Homself openbaar aan die Saad van Abraham," soos hy 'n fanatiese prediker eenkeer hoor preek het en gesê het dat Hy Homself weer in mense sou openbaar, naamlik die Seun van die mens.

76 "Openbaring 10, het Hy gesê Hy het aanspraak gemaak dat die laaste engel se boodskapper, volgens die kerkeeu in die Laodicéa, wat die louwarm sou wees, dat Jesus (wat die Woord was) uitgesit sou word uit die kerk. Hy het aanspraak gemaak dat in hierdie bedelings, dat daar dinge was wat nie geopenbaar is aan die hervormers in die vroeë dae nie, maar, dat, die einde, die sewende engel s'n, sewende boodskapper se Boodskap, dat al hierdie Skrifte werklikheid gemaak sou word en gemanifesteer sou word. Daar is nie so 'n persoon op aarde nie, was nooit en sal nooit wees nie," maak hy aanspraak.

77 Hy maak aanspraak dat, daarin: "God maak aanspraak in Sy Bybel, dat die kerk formeel sou word en wegkom van homself, dat in Maleági 4 Hy weer 'n profeet gestuur het, wat Hy alreeds gestuur het, twee keer, Elía en Johannes die Doper. Hy sou 'n profeet stuur deur die . . . en hy sou wees in die krag van Elía. En sy bediening, sy aksies, alles, sou Elía wees. En dan in sy bediening, sou hy die mense roep uit hierdie formele toestand, terug na die ware egte Geloof van die apostoliese vaders. En daar is nie so—iets wat aangaan nie.

78 "En Hy maak ook aanspraak dat beide hemel en aarde sal verbygaan, maar Sy Woord sal nooit verbyggaan nie." En hy sê hy het bewys hier, vanmiddag, wat wys dat Dit faal. "En wie is hierdie Jesus wat opgestaan het uit die dood? Julle is almal opgewerk in 'n klomp verstandelike sielkunde. En daar's nie so—iets nie; julle vertrou in 'n valse hoop."

79 Nou, ek dink dis omtrent genoeg vir hom om te sê. Ek dink hy't die hele Bybel ingeneem. Nou laat hom gaan sit, die aanklaer. Nou laat die aanklaer se getuie ook afklim. Hulle klim af van die bank.

80 En op die platform nou, sal ons die Getuie vir die Verdediging roep, die Heilige Gees. Hy kom praat. Ek hoop julle het die manier gesien wat die aanklaer sy saak afgesluit het met die Skrif. Nou, die Getuie vir die Verdediging, wat die Heilige Gees is, kom om die Verweerder te verdedig, die Woord. Ek dink nie hulle kan 'n beter een hê nie.

81 Die eerste, vestig Hy die aandag van hierdie hof, dat die interpreteerder van God se Woord, aan die mens, die aanklaer, is dieselfde interpreteerder wat God se Woord aan Eva geïnterpreteer het. Hy wil hê die hof moet verstaan dat, dat die interpreteerder Eva se interpreteerder is, wat sê dat elke deeltjie Daarvan reg was, behalwe net een woord. En Hy wil hê julle moet ook weet. . . Hy was die Een, onthou, Wie die Bybel geskryf het. Hy wil ook hê julle moet weet, dat, in die begin, dat een woord weg van God se Woord, alle dood en droefheid en siekte veroorsaak het. En Hy wil hê julle moet weet dat God ook gesê het, in Sy Woord, by die laaste hoofstuk, dieselfde as die eerste, dat: "Enigiemand wat enigiets Hier sal uithaal, of enigiets anders Daarby voeg, sy deel weggeneem sal word uit die Boek van die Lewe." Dit moet die Woord wees, en Dit alleen. Hy wil hê die hof moet weet wie al hierdie harde afsluiting hier gedoen het nou, Eva se interpreteerder is.

82 Hy wil julle hierdie. . . hierdie hof se aandag weer vestig, dit is, die Getuie vir die Verdediging, Hy wil hierdie hof vra, en vir julle wys dat die beloftes net vir gelowiges is; nie skyngelowiges, ongeduldig, of twyfelaars nie. Verander die prentjie, nie waar nie? Dis net. . . Nie aan wat mense wat hulleself gelowiges noem nie; dit is aan gelowiges alleen, nie aan wie sê hulle is gelowiges nie. Satan sê ook hy is 'n gelowige, julle weet. Dis nie vir hulle nie. Dis net vir ware gelowiges.

83 En hierdie Getuie vir die Verdediging behoort te weet of hierdie manne gelowiges is of nie, want, darem, die Getuie vir die Verdediging is die—die lewendmaker van die Woord Self. Hy weet of jy glo of nie. Hy is die Een wat deur God gegee is, om Dit te laat gebeur. Halleluja! Hy is die Een wat dit bewys. Hy is die Een wat Dit laat gebeur. Hy is die Een Wie weet of

Dit op die regte plek geval het of nie, hierdie Getuie vir die Verdediging van die Woord. Let op, Hy wil weer noem aan die gelowiges, die Getuie vir die Verdediging weet of dit is of nie, Hy is die lewendmaker van die Woord.

84 En weer vestig Hy hierdie hof se aandag op die Woord van belofte wat ter sprake is. Hy het nooit enige sekere tyd vir hierdie dinge gestel om te gebeur nie.

85 Sien hoe hulle die Woord verkeerd kan lees vir julle? Nou hierdie kêrels wat sê: "Laat ek sien of *dit* gebeur," julle sien, hulle lees nie eens die Woord reg nie. Dit is, as die man 'n ware gelowige is, het Hy steeds nooit enige tydsbeperking gestel nie.

86 Hy wil ook hê die hof moet onthou dat hierdie Woord geskrewe is, en Jesus Christus, die gemanifesteerde Woord, gesê het: "Die Woord is 'n saad wat 'n saaier gesaai het." En die saad kan net homself voortbring, die belofte voortbring as dit in die regte soort grond is wat die saad sal lewendig maak. Amen. Verander soort van die—die saak, nie waar nie? Dit moet in die regte plek wees.

87 'n Saadkorrel wat op hierdie lessenaar lê sal nooit 'n oes voortbring nie. 'n Koringkorrel-korrel hierop, in blou klip, sal niks doen nie. 'n Koringkorrel moet in die grond val wat bemes is vir daardie koringkorrel, of dit sal nie groei nie.

88 En God het gesê dat Sy Woord 'n saad is wat 'n saaier gesaai het, en dit moet in die regte soort grond val. Daardie grond is geloof. Dis 'n saad, en dit moet in hierdie grond val, of dit kan nie lewendig gemaak word nie. Met ander woorde, die Heilige Gees, die Getuie vir die Verdediging hier, sê dat Hy nie eens soontoe kan kom voordat dit in die regte soort grond val nie. Hy is die lewendmaker daarvan.

Die Getuie vir die Verdediging roep Sy eerste getuie.

89 Ek dink as die aanklaer getuies kon roep, hier op aarde, dat dit bewys dat die Woord verkeerd was, dink ek die Getuie vir die Verdediging het 'n reg om getuies te roep wat kan bewys Dit is reg. Want, die vraag is nou tussen gelowiges en ongelowiges, met die Woord, soos die Woord groei.

90 Die Getuie vir die Verdediging wil bekend stel aan hierdie hof, vanmiddag, die eerste getuie, is Noag. Noag het gesê dat hy gelewe het in 'n baie wetenskaplike eeu. Noag wil getuig. En hy het gesê hy het gelewe in 'n dag toe mense vervreemd is van wonderwerke en dinge. En toe het hy die Woord van God vir hom hoor sê dat Hy die wêreld sou verwoes met water, en die water sou afkom van bo. Dit sou reën, wat dit nooit tevore gedoen het nie. Hy het gesê dat die—die Woord van God, hy as profeet, die Woord na hom gekom het, en hy het begin preek dat die Woord sou gebeur, want Dit was God. En hy wou ook hierdie hof laat weet dat Mnr. Ongelowige, Mnr. Twyfelaar en

Mnr. Ongeduldig, hom die heelpad versoek het. Maar as 'n profeet, in die wete dat God nie kan lieg nie, het hy vasgehou aan die Woord, ongeag.

91 Hulle het na hom gekom en gesê: "Nou, Noag," het Mnr. Ongelowige gesê: "hoe gaan jy bewys daar is enige reën daarbo?"

92 "Ek weet nie waar dit is nie. Maar as God so gesê het, handel dit-dit dit af."

"Hoe gaan dit reën wanneer daar geen reën daarbo is nie?"

"Ek weet nie. Maar God het so gesê, en dit handel dit af."

93 Mnr. Twyfelaar het verbygekom en gesê: "As dit so—iets soos reën sou wees wat van daarbo af kom, dan sal Hy moet afkom hiernatoe en reën kry en dit opneem soontoe. Hoe gaan Hy dit doen?"

"Ek weet nie." "En nadat ek die ark bou . . ."

94 Eerstens wou hy sê, dat toe hy hierdie stelling gemaak het, as 'n profeet onder die mense, almal vir hom gelag het, en gesê het: "Ek sien nie enige reën nie."

95 Wel, toe hy begin werk het aan die ark, het hulle gesê: "Miskien na die ark . . ." Mnr.—Mnr. Ongeduld het vir hom probeer sê: "Miskien nadat die ark gebou is, dan sal daar reën kom." Maar toe die ark voltooi was, het dit steeds nie gereën nie.

96 Dit het nooit die volgende dag gereën nie, dit het nooit die volgende week gereën nie, dit het nooit gereën-dit het nooit gereën die volgende maand nie, die volgende jaar nie. En toe hy die ark voltooi het, het dit steeds nie gereën nie.

97 En toe het hy gesê, eendag het die Stem van God teruggekom na hom en vir hom gesê dat hy 'n bonatuurlike teken in die natuur sou sien, dat die voëls en diere hier sou ingaan. En toe het Mnr. Ongelowige vir hom gelag en gesê: "Dit het 'n woonplek van voëls geword. Hy het 'n stellasie gemaak, in stede." En almal het gelag en hom bespot.

Maar, eendag, het God met hom gepraat, en gesê: "Gaan in die ark in."

98 En Noag het in die deur gestaan en gesê: "Julle kry julle laaste oproep. Kom in!" En niemand het ingekom behalwe sy eie familie nie.

99 So hy sê hy het in die ark ingegaan. En hy het vir sy pragtige familietjie gesê, nou, hierdie is profeet Noag: "O, binne nog 'n uur, sonder twyfel, sal die reën begin val."

100 En toe hy ingegaan het, het die deur bonatuurlik agter hom gesluit. Hy het gesê: "Jy sien nou, skat," aan sy vrou, aan sy skoondogters en sy seuns: "ons is ingesluit by God."

101 "Nou ons het 'n venster hierbo. Hardloop teen die trappe op, baie vinnig. Moet dit nie mis nie. Hardloop op, baie vinnig, en gaan nou hier op. Dit maak gereed om te reën, sonder twyfel."

102 En party van die mense daarbuite, wat hom hoor preek het, het gesê: "Wonder of daardie ou fanatikus reg kan wees?" Mnr. Ongelowige, Mnr. Twyfelaar, Mnr. Ongeduldig, hulle het almal verbygekom, gesê: "Ons sal uitvind." Gesê: "Noag is jy daarbinne?"

"Ja."

"Maak oop, ons wil graag rondkyk."

103 "God het die deur toegemaak. Ek kan dit nie oopmaak nie. Daar is geen knip hierbinne om dit mee oop te maak nie."

104 Nou het hulle gesê: "Die ou malle, hy het daar ingegaan en daardie deur toegemaak, en probeer ons laat dink. . . Dis 'n kullery. Hy probeer ons bangmaak."

105 En daar is die getuies van die aanklaer, wat daar sit, luister na dit alles, want hulle is skuldig daaraan. Die Bybel het so gesê: "Spotters!"

"En hulle het my bespot, vir my gelag."

106 "En selfs, ekself, ek het gesoek na die reën. Heeldag lank, was daar geen reën nie. Die volgende dag, was daar geen reën nie. Die volgende dag, was daar geen reën nie. Vier dae, geen reën nie. Vyf dae, geen reën nie. Ses dae, geen reën nie. Maar God het nie vir my gesê wanneer dit sou reën nie, Hy het net gesê: 'Dit gaan reën.' Hy het nooit enige tydsbeperking gestel nie. Hy het net gesê: 'Dit gaan reën.'"

107 Hy het nooit gesê: "Sodra jy jou hande op die siekes lê, gaan hulle opspring en om die vloer hardloop," soos die Twyfelaar wil hê julle moet dink nie. Hy het gesê; "Hulle sal gesond word." Hy het nooit gesê wanneer, hoe nie. "Hulle sal!"

108 Hy het gesê: "Die gebed van geloof sal die siekes red," in Jakobus 5:14: "God sal hom oprig." Wanneer? Hy het nie gesê nie. Hy het net gesê hy sou.

109 Markus 16, het Hy gesê: "Sê vir hierdie berg: 'word verskuif,' en moenie twyfel in jou hart nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur." Hy het nie gesê wanneer nie. Hy het gesê dit sal! Halleluja!

110 Sien die valse interpreteerder van die Woord daar? Dan sê jy: "Wel, laat ek sien jy maak *hierdie* man, hy was in die rolstoel 'n lang tyd. Laat ek sien. Hy sê hy het geloof." Daardie duiwel! Sien wie hy is?

111 Jesus het nooit gesê hulle sou reguit opspring en dit net daar kry nie. Baie Pinkstermense het dieselfde ding gedink,

maar die Bybel het dit nooit gesê nie. Hy het gesê: "As hulle dit geglo het, sou hulle gesond word." En Hy het Sy getuies hier om dit te bewys.

112 Noag het gesê: "Na 'n honderd-en-twintig jaar, toe het dit gereën." Maar, dit het gereën. Noag het geweet dat hy dit sou sien in sy geslag, want hy het die ark gebou, was gereed om in te gaan.

113 Nou, nou vind ons uit dat dit waar was. Nou dis Noag, die eerste getuie.

114 Nou, die tweede getuie, wat ons sal naderroep. Laat ons Abraham naderroep. Hy het gesê: "Ek was 'n profeet, en ek het geprofeteer onder die inspirasie van God. En Hy het vir my gesê dat my vrou, wat vyf-en-sestig jaar oud was, en ek vyf-en-sewentig, op hierdie ouderdom, op hierdie tyd, dat ek 'n baba sou hê by Sara. Ja, sekerlik, sy was. . .Ek was steriel; sy was, haar skoot was dood. Sy was twintig jaar, of langer, verby menopouse. Ek het saam met haar gelewe al hierdie jare, en daar was geen teken van kinders nie. Sy was, haar skoot was dood. En, maar God het vir my gesê ek gaan 'n baba by haar hê.

115 "En julle weet, Mnr. Ongelowige, en Mnr. Twyfelaar, en Mnr. Ongeduldig, na die eerste agt-en-twintig dae, toe niks gebeur het met Sara nie, het hulle vir my gelag en my bespot. Die eerste jaar, het hulle na my toe gekom en gesê: 'Hoeveel kinders het jy nou?'

116 "Maar, na vyf-en-twintig jaar, het die baba op die toneel verskyn. Dit het gebeur." God het nie gesê: "Jy gaan volgende week 'n baba hê by Sara nie." Hy het nooit enige tyd bepaal nie. Hy het gesê hy sou 'n baba by Sara hê. Hy het nie gesê wanneer nie. Hy het net gesê hy sou.

117 So Abraham het gesê: "Ek het nie getwyfel aan die belofte deur ongeloof nie. Maar soos dit langer geword het, het ek sterker geword die heeltyd. En siende dat ek swakker geword het in die fisiese, wat die hindernis van die baba se koms was, in plaas van swakker te word in geloof, het ek sterker geword in geloof, want ek het geweet dat God in staat was om Sy Woord te hou.

118 "So eendag het ek gesit, met Sara gepraat, en die Engel van die Here het nadergekom. Drie manne, twee van hulle het na Sodom gegaan; Een het by my gestaan en met my gepraat, en vir my die dinge vertel wat sou plaasvind. En ek was oud en krom in my skouers, en Sara kon kwalik rondbeweeg. En, julle weet, net die volgende dag, het ek daardie boggel uit my rug sien kom. En my hare het weer begin swart word, en Sara se wange het begin rooi word."

119 Nou sê jy: "Radikaal, Broer Branham!" Wag 'n oomblik, kyk of hy het. Let op, hulle het terug verander na 'n jong man

en vrou. Nou jy sê: "O, Broer Branham!" Nou, God versteek Sy Boodskap tussen die lyne. Die kweekskool sal Dit nooit weet nie. Dis reg. Nee, nee. Dis 'n liefdesverhaal.

120 My vrou daaroorkant, sy skryf vir my 'n brief. En sy sê een ding in die brief, maar ek lees tussen die lyne. Ek weet waarvan sy praat, want ek het haar lief, ek ken net haar geaardheid. Ek weet wat sy bedoel. "Ek sit hier vanaand, Billy. Die kinders is in die bed. Ek dink aan jou." O, ek—ek weet wat sy bedoel, sien, sien, want ek het haar lief.

121 En as jy lief is vir God, en God se Gees is in jou, dan is die Heilige Gees Self die interpreteerder van hierdie Woord.

122 Let op, hulle was ver gevorder in ouderdom nou, die Bybel het so gesê. Vinnig nou, kom ons aan die einde. Toe het hy gesê: "Ek het terug verander na 'n jong man. Sy't terug verander na 'n jong vrou."

Jy sê: "O, Broer Branham!"

123 Luister, om daardie baba te kry. . . Haar skoot was dood, sy lewensstroom was dood. Nou om te kry. . . Hy sou vir haar 'n ander baarmoeder moes maak. Sou Hy dit moes doen? En toe het hulle nie hierdie bottels gehad wat hulle in die babas se monde druk, sodat die moeder oral kan rondhardloop nie. Daardie dae, moes dit 'n nat moeder wees. So om dit te kon doen, die melkare was opgedroog, so Hy moes nuwe melkare maak, ensovoorts, om die baba te voed. En nog 'n ding, 'n vrou 'n honderd jaar oud, wat geboorte skenk? Hy sou vir haar 'n nuwe hart moes gee. Sien? So Hy het dit nie net reggemaak nie, Hy het gewys in hom, wat Hy met al Abraham se Saad sal doen, hulle sal weer nuut word, 'n nuwe liggaam kry om die komende Seun te ontvang waarna ons soek. Ek glo steeds die belofte.

Jy sê: "Radikaal!"

124 Goed, net 'n oomblik. Kyk, hulle het 'n reis onderneem, driehonderd myl van waar hulle was, onder in die land van die Filistyne, na Gerar. En daaronder was 'n jong man met die naam van Abiméleg, hy was koning, en hy het gesoek na 'n liefling, en al daardie pragtige Filistynse meisies. Hier kom oumatjie, Sara, nou, met haar tjalie aan, en Abraham. En Abraham het gesê: "Skat, ek wil hê jy moet vir my 'n guns doen." Gesê: "Jy is so mooi om na te kyk, wanneer daardie koning jou sien, sal hy jou as vrou neem." En toe die mense haar gesien het, was sy so mooi! Ouma? Sy was so mooi, totdat, Abiméleg haar as vrou geneem het.

125 En toe Hy verskyn het aan Abiméleg in 'n droom, en gesê het: "Haar man is My profeet. Jy raak haar aan, is jy so goed soos 'n dooie man." Dit reg?

126 Hy wys daar wat Hy gaan doen met al Abraham se kinders. Gesê: "Hy het nie gesê wanneer Hy dit sou doen nie, maar Hy

het gesê Hy sou dit doen." Dis alles reg, vriend, laat dit net aanbeweeg. Hy sal dit in elk geval doen. Hy het dit belowe. Nou, maar vyf-en-twintig jaar later, het Sara die baba gehad, vanaf die tyd van die belofte. Die Woord het nooit gesê wanneer sy dit sou kry nie, maar gesê sy sou dit kry.

127 Laat ons nou opskud met hierdie getuies. Derde getuie, Moses. Hy het gesê God het vir hom 'n teken gegee om te doen, om te bewys dat dit die Woord was vir daardie eeu. Hy het die Woord geneem met 'n teken en 'n Stem, en afgegaan voor Pastoor Farao. En Pastoor Farao het gesê: "Huh, dis 'n goedkoop towenaarstoertjie. Ek het manne hier wat dieselfde ding kan doen." En hulle het dit gedoen. Nabootsers! Hy het gesê: "As ek nie 'n profeet was en geweet het dat daardie die beloofde Woord was nie, sou ek gesê het: 'daar's niks aan nie,' want hierdie nabootsers hierbuite doen dieselfde ding as wat ek doen." Maar hy het geweet dit het van God af gekom, so hy het vas bly staan.

128 God het gesê Hy sou die volk verlos en hulle sou kom na 'n berg. Hy het miskien verwag hulle sou terugkom daardie dag. Maar, dit was jare later, maar hulle het teruggekom. Hulle het gekom by die berg. God het Sy Woord vervul. Hy het hulle geneem na die beloofde land, soos Hy gesê het. Hy het God se Woord geglo.

129 Nou sommer vinnig gaan ek nog 'n getuie kry, die vierde getuie, is Josua. Hy het gesê: "Toe God ons die belofte gegee het, en ons oorgegaan het na . . ." Dis net omtrent veertig myl. "En toe ons by Kades-Barnéa gekom het, het Moses getuies uitgestuur om uit te vind of ons dit kon inneem of nie. En, o, die Amalekiete, en daardie groot reuse, en hoë mure," gesê: "ons kan dit nie inneem nie, glad nie, het dit gelyk."

130 Maar iemand het oorgegaan en 'n paar bewyse teruggebring dat die land goed was. So hy het gesê: "Al die res van die stamme, hulle het gesê: 'O, ons kan dit nie inneem nie.'" Hy het gesê: "Ek het opgestaan en die mense stilgemaak, en vir hulle laat weet dit was nie die grootte van die ding daarbuite nie, dit was die belofte van God, en God sou dit doen." Hy het gesê: "Nadat ek die mense stilgemaak het, het Hy ons nooit oorgeneem, die volgende dag, die volgende week nie. Veertig jaar later, het Hy ons oorgeneem. Maar Hy het nie gesê wanneer Hy ons gaan oorneem nie; Hy het gesê Hy sou ons oorneem, so ons het oorgegaan."

131 Ek sou graag wou hê Jesaja moet kom net vir 'n oomblik. Hou Jesaja dop. Hy het gesê: "Ek was 'n bevestigde profeet onder die mense. Almal het my geglo. Van die Koning Ussía af, al die pad ondertoe, het hulle my geglo. Ek was 'n bevestigde profeet. Wat ek gesê het, het God laat gebeur. Hy-Hy het my woorde, wat ek gesê het, laat gebeur, omdat ek hulle gespreek

het in Sy Naam, Jehova." Hy het gesê: "Eendag, het Jehova met my gepraat en gesê: 'Ek gaan vir hulle 'n teken gee, 'n maagd sal swanger word.' En ek het, ek het dit net gespreek soos Jehova gesê het."

132 Gesê: "En wil hê julle moet dit weet, hierdie hof, dat elke Hebreeuse meisie die babaskoentjies en alles gereed gekry het om hierdie baba te kry. 'n Maagd sou swanger word, en aangegaan, maande, het dit nie gebeur nie. Weke, het dit nie gebeur nie. Omtrent agthonderd jaar later, het dit gebeur, maar 'n maagd het swanger geword en 'n kind gebaar." Jehova het hom nooit gesê dit gaan môre gebeur, 'n maagd in jou eeu nie. Hy het net gesê: "'n Maagd sal swanger word," en dit handel dit af. Hy het nie gesê wanneer nie. Hy het net gesê sy sou.

133 Nou, as dit die hof behaag, mag ek Sy volgende getuie wees? Ek wil graag vir Hom getuig, volgende getuie. Die belofte van die Woord vir hierdie dag, is waarvan ek getuig.

134 By geboorte, as 'n seuntjie in Kentucky, julle sien dit op die gebedskaarte en alles, het daardie Lig daar gestaan. Ek het vir my ma en pa vertel, reg af deur die eeu. Hoop dit klink nie persoonlik nie, maar ek staan net as 'n getuie vir Hom. *Hierdie* is Hy in Woordvorm. Ek het nie geweet wat dit beteken het nie; niemand het geweet nie. Daaragter in daardie berge, in 'n klein ou . . . het nie eens 'n vensterglas gehad soos julle almal nou het nie; jy het 'n ou deurtjie gehad wat jy oopgestoot het vir 'n venster. En daardie oggend, het 'n Lig ingekom.

135 Ek sou mense vertel, mamma vertel. Dinge wat sou vertel, hulle sou altyd so gebeur. Hulle het dit nie geglo nie. Hulle het gesê: "Dit is nie so nie." Maar omtrent dertig jaar later, het God dit bewys deur wetenskaplike bewys, dat dit so was. Dit was so, want dis 'n belofte.

136 By die boom, op sewe jaar oud, waar die Stem met my gepraat het, en gesê het: "Moet nooit rook, pruim, drink, of jou liggaam besoedel nie."

137 En ek in 'n dranksmokkelaar se huis, het nie eens geweet wat 'n Bybel was nie, nie meer as net 'n woord nie. Ons mag in staat gewees het om 'n almanak te vind, maar nie 'n Bybel in ons huis nie. Niks behalwe 'n klomp . . . Nie om teen my mense te praat nie, maar God weet alles daarvan. Daar was glad geen manier nie, my mense voor my, voor dit was Katoliek. Hulle het almal weggetrou van die kerk, en weggegaan, en daar was glad geen godsdiens nie. Ons het nie eens enige aandag daaraan geskenk nie.

138 Maar Hy–Hy het vir my gesê wat sou gebeur, dat ek nie moes rook, of drink, of my liggaam besoedel op enige manier nie, daar sou 'n werk vir my wees om te doen wanneer ek ouer word. Wel, dit was jare en jare daarna. Hoe sou ek weet ek sou

'n prediker wees? Ek het die gedagte aan 'n prediker gehaat. Maar dit het gebeur, in elk geval. Dit wys Hy hou Sy Woord. Sewentien jaar nadat Hy aan my verskyn het daar in 'n bos . . .

139 Ons vind uit, die volgende dag daarna, het Hy vir my 'n brug gewys wat oor die rivier gaan, dit oorspan, sestien man gewys wat daarvan afval. Ek het vir mamma vertel. Aan die sit teen 'n boom, het ek daarna gekyk. Sy het gesê: "Jy het aan die slaap geraak, skat."

Ek het gesê: "Nee, ek het nooit, mamma. Ek het dit dopgehou."

140 Presies sewentien jaar van daardie dag af, het die Munisipale Brug by Jeffersonville oorgespan na Kentucky, en die sewende . . . En die sestien man het hulle lewe daarop verloor, net presies soos dit gesê het. Ag, so het Mnr. Ongelowige my die heeltyd versoek!

141 En mag ek net die aandag vestig van hierdie blinde aanklaer, op Jesus wat hier is met spykermerke in Sy hande. Hy het nooit so—iets soos daardie gesê nie. Hy het gesê, wanneer Hy terugkeer uit die Hemel, dat: "Elke knie sou buig, en elke oog Hom sou sien, en elke tong sou bely." Hy het net belowe om terug te keer in die krag van die Gees en Sy Woord te bevestig, van Markus, en tot wat Hy sou doen. Hy net nie . . . Hulle begryp dit net nie.

142 Nou, op grond van hierdie bespreking, vanmiddag, en ons wat lewe . . . Wat, ek sal moet uitlaat, julle sien dat ek hierdie bladsye van teks en dinge omblaai, ek moet dit uitbring, maar ek dink ons is naby genoeg nou om dit te begryp.

143 Nou steeds wil hulle dit nie glo nie. Jesus het belowe dat: "Soos dit was in die dae van Noag, en soos dit was in die dae van Lot, sou dit wees in die laaste dag." Ons het dit. Dis hier. Dis alreeds bevestig, net hoeveel Skrifte! In die Sodom-eeu, wat gebeur het met Abraham, sou weer terugkeer na Abraham se koninklike Saad, wat in Christus is; Christus wat terugkeer in die vorm van die Woord, werk in mense, en die tekens wys dat wat Hy belowe het sou wys, dit sou doen. Hy het belowe dat Hy dit sou doen. God het dit belowe. En God sal Sy belofte hou.

144 En nou, 'n paar jaar gelede, het ek vir julle vertel dat Hy met my gepraat het, en gesê het: "Daar sou drie stadiums van hierdie bediening wees. En een van hulle sou wees deur die mense aan die hand te neem, en sou weet wat hulle probleme was." Hoeveel onthou dit? Sekerlik. Het ek julle nie vertel: "As ek opreg sou wees," dat Hy my gesê het: "dit sou gebeur dat ek selfs die geheim sou weet wat in hulle hart was nie"? Het ek dit vir julle vertel? Hoeveel onthou dit? Het dit gebeur? Dit het nooit die volgende dag gebeur nie, dit was jare later, maar dit het gebeur.

145 En Hy het gespreek onder op die rivier, Hy het gesê: "Soos Johannes die Doper gestuur is om die koms van Christus aan te kondig, aan die einde van sy bediening, het Jesus gekom. En soos Johannes gestuur is, so sal jou bediening die Tweede Koms van Christus voorafgaan." En daar was 'n algemene herlewing onder die mense van God, dwarsoor die wêreld, in die laaste vyftien jaar; die langste herlewing. Enige geskiedkundige weet dat geen herlewing meer as drie jaar hou nie. En hierdie is vyftien jaar. En kyk na die kerk vandag, dit is afgekoel. Ons wag vir Sy Koms. Hy bevestig Homself, wys.

146 Nou, al hierdie dinge het gebeur. Hy het daarin belowe, dat: "Jy sou die geheim van die hart ken."

147 Nou die derde stadium breek nou net in die bediening. Ek sal nie tyd neem om daarop in te gaan nie, want ek dink ek moenie. Maar baie van julle hier weet daarvan, sien, van wat gebeur het.

148 Nou, toe ek julle vertel het, toe ek die eerste keer na Kansas Stad gekom het hieronder, en af in Arkansas, dat hierdie dinge sou gebeur, en hier is hulle. Ons is lewende getuies dat hulle gebeur het. [Leë kol op band—Red.]. . . God gesê het sal gebeur. Dit het nie gesê dit sou net toe gebeur nie. Hy het gesê dit sou gebeur.

149 Markus 16 het gesê: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg." As ek nie 'n gelowige is nie, dan waarom is hierdie Woord as die Waarheid bevestig?

150 As julle nie gelowiges is nie, dan waarom het God julle die Heilige Gees gegee? Julle mag alle soorte demonstrasies hê, jy mag hardloop, praat in tale, en dinge doen soos mense wat wel die Heilige Gees het; maar as dit nie iets egs in jou hart is nie, sal dit nooit daardie Woord laat lewe nie. Maar as dit 'n egte ding is daarbinne: "sal hemel en aarde verbygaan, maar daardie Woord kan nie faal nie."

151 "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg; as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." En julle sien andere wat gesond word. Hy het nie gesê hulle sal net dan gesond word nie. Hy het gesê: "Hulle sou gesond word as hulle dit glo."

152 Hoeveel wat dit hoor, dat dit die Waarheid is? Hoeveel glo dat die Woord van God steeds reg is? Dit word net verkeerd geïnterpreteer aan die mense. Glo julle dit nie? Dis net verkeerd geïnterpreteer.

153 Nou, nie terug in die dae van Luther nie, nie terug in die dae van Paulus nie, nie terug in die dae van Noag en hierdie ander getuies nie, nie vyftien jaar gelede toe ek vir julle gesê het hierdie dinge sou gebeur nie; maar vandag in Topeka, Kansas, vandag, hierdie uur, hierdie minuut, laat ons die Woord van God by 'n konfrontasie bring. Hy het belowe dit sou gebeur in die laaste dae.

154 Nou glo julle Hy hou Sy Woord? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy moet Sy Woord hou, om God te wees. Hy moet dit doen. Hy moet Sy Woord hou.

155 Nou, het Hy belowe: "Soos dit was in die dae van—van Sodom, sou dit dieselfde ding in die koms van die Seun van die mens wees," dat Hy geopenbaar sou-sou word in die laaste dae, soos Hy was aan Abraham en sy Saad by Sodom? Het Hy dit belowe? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Lukas die 17de hoofstuk, 30ste vers, kan julle dit lees. Nou, Hy het dit belowe. Hy het gesê dit sou gebeur. Jesus het gesê al die Skrifte moes vervul word, almal wat Hy belowe het.

156 Het Hy belowe in Maleági 4, wat Hy sou doen in hierdie laaste dae? En onmiddellik hierna sou vuur kom, en die ongelowige verbrand, en die regverdiges sou uitstap op die as van die ongelowige? Dis reg. Wel, ons is reg hier by die deur.

157 Nou, net voor die groot vloed ingekom het, wat het Hy belowe? Net voor die uitkoms van Noag-van Noag . . . of Moses wat gekom het om die kinders van Israel uit te bring, wat het gebeur? Net voor die koms van Jesus, wat het gebeur?

158 Johannes, ons het hom nie tot getuie geroep nie. Ons het hom hieronder gehad, maar nie as 'n getuie nie, hoedat hy weggeroep is van al die teologieë van daardie dag, om in die wildernis in te gaan, omdat hy moes identifiseer, hy moes die Messias identifiseer.

159 Wel, as ons sou afgaan na die skool, na sy vader. Gesê: "Nou, ek's 'n groot vriend van jou pa. O, hy was 'n groot ou man. Ek het hom lief. En ek weet . . . Nou, is Broer Jones nie daardie Messias nie? Nou jy weet, Johannes, hy is."

160 Sien, hy het homself geskei. Op die ouderdom van nege jaar oud, het hy in die wildernis ingegaan, omdat hy 'n wildernis liefhebber was. Die Gees van Elía was op hom. En die Gees van Elía; was nie Elía nie, hy was 'n man; dit was die Gees van God met daardie Woord in daardie dag. En hy het in die wildernis ingegaan. Toe, toe hy uitgekom het, moes hy-hy die Christus identifiseer, nie die goeie man nie, maar: "Op Wie jy die Gees sien neerdaal." Nie die man wat die beste leraar was nie, nie die man wat die kosbaarste persoon in die land was in daardie dag nie, maar: "Op Wie die Heilige Gees Homself identifiseer as die Woord." Die einste Woord Self het die Woord geïdentifiseer.

161 Nou het Hy dit belowe in die laaste dae. Jesus sou doen, dieselfde wees gister, vandag, en vir altyd. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

162 Nou laat ons ons hoofde buig net 'n oomblik. Hê geloof. Moenie twyfel nie. Glo.

['n Suster praat in 'n ander taal, en gee dan 'n uitleg. Leë kol op band—Red.] Dank die Here.

163 Goed. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

164 Nou wat het Hy belowe om Homself te bevestig? In 'n man, 'n menslike vlees, soos Hy het aan Abraham: "Toe die Seun van die mens . . ." Dit sou die Seun van die mens wees, nie-nie-nie-nie die Seun van God nou nie; die Seun van God in 'n Seun van die mens. In Eségiël, die 1ste hoofstuk, die 2de vers, het Jehova Eségiël die Seun van die mens genoem, presies wat Jesus Homself genoem het. Julle verstaan dit, deur die leer van die week. Nou, sien, wat is die Seun van die mens? Profeties. Wat was Maleági 4? Moes 'n profeet wees. Wat was hierdie dinge wat moes gebeur in die laaste dae? Nou, Hy het nooit gesê wanneer nie. Hy het net gesê hulle sou gebeur, en hulle het. Nou, julle, as Hy steeds die Seun van God is, die Seun van die mens; gereed om geopenbaar te word in die laaste dae op die troon van Dawid, as die Seun van Dawid. Sien, kyk, dan as Hy . . . As dit reg is, Hy dit belowe het, is Hy pligsgebonde teenoor daardie Woord. Hy is pligsgebonde teenoor daardie Woord.

165 Nou raak jy die soom van Sy kleed aan met jou geloof. En ek het hierdie aansprake gemaak. As dit van God is, sal dit gebeur. As dit nie van God is nie, sal dit nie gebeur nie. En dis al wat waar is, kyk of dit is, ons onder gelowiges is of nie. Nou jy moet 'n gelowige wees, dieselfde as wat ek 'n gelowige is. Jy moet glo dat hierdie die Waarheid is. As jy dit glo, sal dit gebeur. Nou bid, elkeen van julle, glo op julle eie manier.

166 Laat ons van een kant af begin, net konsentreer aan een kant. En net, ek wil hierdie kant hier oorkant teen die muur hê, iewers, glo julle. Hê geloof. Moenie twyfel nie. Glo net, sê: "Here!"

167 Moet nou nie na my kyk nie, sien. Julle kan na my kyk, maar, kyk, laat julle geloof verby dit kyk. Julle kan na my kyk met fisiese oë, maar kyk na Hom met julle oë van geloof, dat Hy daardie Woord is. En—en Hy het net Sy masker verander, sien, van wat nie gesien kon word nie, na wat absoluut verklaar is, die Woord wat vlees geword het. Hê geloof.

168 Nou moet nou nie rondbeweeg nie. Wees baie stil, eerbiedig. Julle kan rondbeweeg, binne 'n oomblik; maar wees baie stil, eerbiedig.

169 Nou, dis, wat is dit? Dis 'n gawe. 'n Gawe is nie om te neem, soos 'n swaard, en te gaan, slaan en steek en trek nie. Dis nie dit nie. 'n Gawe is net om jouself uit die pad te kry, sodat die Heilige Gees in 'n menslike liggaam kan werk. Moenie probeer sê: "Prys God, ek het 'n gawe! Ek het 'n gawe, halleluja!" nie. Jy sal dit nooit kry nie. As jy net weet hoe om jouself te laat gaan!

170 Dis soos om in 'n rat oor te skakel. Sien? Verander jouself na geloof, vanaf ongeloof, trek net 'n klein ratjie daaragter, sê:

"Wel, ek was altyd soort van 'n bietjie skepties, maar, regtig, nou, ek glo nou." Nou kyk wat dan gebeur. Doen dit net eenkeer en kyk wat gebeur. Bid.

171 En ek probeer myself uit die boodskap kry, in 'n gawe in. 'n Gawe, om, daardie Woord Homself mag bekend maak deur-deur, soos Hebreërs 4:12 sê: "Onderskei, die gedagtes in die hart te ken."

172 Bid vir wat ook al verkeerd is met jou. Bid, en sê net: "God, ek—ek's behoeftig. Die man ken my nie, maar ek is behoeftig."

173 In die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, tot die eer van God, en volgens die Woord van God, waarvan ek pas gepreek het, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer.

174 Nou, maak nie saak wat gebeur nie...Daar mag iets gebeur binne 'n minuut. Daar is 'n kritikus wat hier sit, en ek dink net iets maak gereed om te gebeur. Sien? So wees net baie eerbiedig. As enigiets versteur word, sit julle net stil. Sit jy net baie stil, laat daardie persoon doen wat hulle gaan doen. Kyk wat gebeur. Laat hulle die skuif maak, en kyk wat gebeur. Julle sal sien of Hy God is of nie. Julle behoort Hom te sien in die stryd. Julle het Hom gesien in genesing; hou Hom dop in die stryd. Satan probeer sy bes om dit te doen. Maar laat hy dit net—net eenmaal doen, kyk wat gebeur.

175 Daar's nog 'n persoon wat hier oorkant sit wat ly, wat net hieronder sit, 'n man en sy vrou. Sy bid. Hy bid vir haar. Dis 'n senuweetoestand, senuwees in die gesig. Sy is soort van 'n gesette vrou. Haar man het 'n wit hemp aan. Sy lê sy hande op haar. Dis waar. Steek jou hand op, as dit waar is, as dit is waaroor jy bid. Moenie bekommerd wees nie, dit sal ophou. Dis 'n belofte, as jy dit sal glo. Jy het Sy kleed aangeraak.

176 Daar is 'n dame wat reg hieragter sit aan *hierdie* kant, sy ly aan 'n vroueprobleem. Ek hoop haar...O God! Mev. Reed, jy weet ek ken jou nie. Maar dis waar, is dit nie? Jy het gebid: "Here, wees my genadig." Hy het. Dit gaan jou nou verlaat. Glo jy net met jou hele hart. Moenie twyfel nie. Jy het geloof.

177 Hier, hier is 'n dame wat net hier op die punt sit, 'n donker hoedjie op. Sy bid oor...Dis probleme. Sy het probleme. Sien julle nie daardie Lig wat daar oor haar hang nie? Sien? Sy het haar hoof geboë. Sy het probleme met haar knieë. Sy het haar knieë seergemaak. Sy het geval en haar knieë seergemaak. Sien? Ek ken haar nie; God weet dit. Maar dit is waar, is dit nie, dame?

178 Hier, lê jou hand oorkant op daardie volgende dame wat langs jou sit; kom net reguit na haar. Sy ly aan 'n senuweetoestand. En daardie senuweetoestand het...Sy het oogprobleme. En die oë is op geopereer, wat dit veroorsaak het. Dis reg, is dit nie? Steek jou hand op. As jy kan glo!

179 Hierdie ander dame het haar hand opgesteek net daar langs haar, haar soort van opgewonde gemaak. Maar die rede, as jy sal. . . Glo jy God kan vir my sê wat jou probleem is? Dis in jou enkels. As dit reg is, wuif jou hand soos *daardie*. Goed.

180 Wat het Hy gesê sou Hy doen? "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Glo julle dit?

181 Hier is 'n man wat voor my sit. Hy ly aan artritis. Hy regtig. . . Ek weet nie of hy dit gaan kry of nie. Hy's soort van 'n man van my ouderdom. Hy ly aan artritis. Hy's nie van hier nie. Hy's van Kansas Stad. Glo jy dat God jou kan genees? Glo jy God kan vir my sê wat jou naam is? Mnr. Francis. Glo jy met jou hele hart. Hy't jou probeer beroof daarvan, meneer. En hy-hy. . . Jy het gedink ek bedoel 'n ander man, maar dit was jy. En toe ek dit gesê het, het 'n baie snaakse gevoel oor jou gekom, baie soet en warm. As dit reg is, waai jou hand soos *hierdie*.

182 Ook, jou vrou wat daar sit, sy is Mev. Francis. Sy ly ook aan artritis. En sy het probleme met haar oë, en probleme met haar ore. Is dit reg? Dis reg.

183 Die dame wat langs haar sit, net langs haar daar, sy ly aan spatare. Reg. Sy het iets verkeerd inwendig, 'n soort van. . . Dis 'n blaasprobleem. Sy het blaasprobleme. Sy is ook van Kansas Stad. Mev. Gregg. Dis reg.

184 As ek 'n totale vreemdeling vir julle mense is, steek julle hande op soos *daardie*, sodat, ek bedoel, aan hierdie mense hier wat geroep is, steek julle hande op, julle mense wat net toe geroep is, as ek 'n vreemdeling is.

185 Wat is dit? Dieselfde God wat afgelcom het in menslike vlees en vleis eet en melk drink. En Jesus het gesê. . . En Abraham het gesê, liewer, dat Hy "Elohim" was, God gemanifesteer in vlees. Jesus het gesê: "Soos dit was in daardie dag, daardie Johova, die Seun van die mens weer, in die vorm van profetiese, soos Hy was, sou weer terugkeer in die laaste dae," net voor julle liggame verander gaan word. Ons, ons kon nie. . . Sien, Sara kon nie daardie baba ontvang in daardie liggaam nie, kon sy? Abraham kon nie, in sy liggaam nie. Sy liggaam moes verander word. So moet ons s'n, om die Seun te ontvang. Neem die Woord, en Hy is die Seun. Dit is die Woord. Glo julle dit?

Nou buig julle hoofde net 'n oomblik.

186 Behoorlik, met julle hele hart, is God geregverdig om hierdie beloftes te maak? Glo julle Sy Woord is die Waarheid? Glo julle dat hierdie getuies net valse getuies is, dat hulle nie die geloof gehad het om dit in die begin te glo nie? Julle is die jurie en julle is die regter. Elke jurie moet sy besluit maak, die regter moet die oordeel uitspreek. Het julle julle besluit

gemaak dat God se Woord, van Markus 16, die Waarheid is? As julle het, steek julle hand op. Ek het getuies op die toneel gebring, wat op dieselfde manier gekom het as hierdie in die laaste dae, en bewys dat God se Woord reg was. En God se Woord belowe dit in die laaste dae. En ek is hier, en julle is hier, voor julle, om die res van hulle te bewys, elkeen van julle. Elkeen van julle kan geroep word, een vir een, so, as julle dit glo. Vra hierdie mense, praat met hulle, waar die Heilige Gees geroep het.

187 "Wat doen jy nou, Broer Branham?" Probeer wegkom Daarvan. Dit bly net gebeur oral in die gebou; jy sien dit net flits.

188 Sien, daarmee, ek probeer om julle te kry om dit te glo. Hê geloof in God. Glo dit. Hy is geregverdig om dit te skryf. Hy het dit bevestig, en bewys dat dit die Waarheid is. Hy het dit geprofeteer, dertig jaar gelede, en dit vandag bewys. Hy het dit gesê, tweeduisend jaar gelede, en dit vandag bewys. Sy Woord is die Waarheid. En elke Woord van God is geïnspireer, en alles Daarvan is die Waarheid. En Markus 16 het gesê: "Hulle sal hulle hande op die siekes lê en hulle sal gesond word."

189 Jurie, wat is jou oordeel in hierdie hof vanmiddag? Is Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd? Steek jou hand op. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Is julle ten volle oortuig dat Markus 16 die Waarheid is, die Woord van Jesus Christus: "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word"? Steek julle hande op. ["Amen."]

190 Dan, Satan, moet jy gaan. Mnr. Ongelowige, jy het geen besigheid meer onder ons nie. Mnr. Twyfelaar, of Mnr. Ongeduldig, ek gee nie om hoeveel langer nie, dit gaan gebeur.

191 Noem julle my 'n gelowige? Steek julle hand op as julle dit doen. Ek's 'n gelowige. Ek gaan vir julle bid, hande lê op julle. Glo julle dat julle pastore hier gelowiges is? Steek julle hande op. Hoeveel gelowige predikers is daarbuite? Steek op julle hande.

192 Ek gaan die gelowige predikers vra om hiernatoe te kom net 'n oomblik. Is dit reg, pastoor? Perfek. Ek wil hê elke prediker in hierdie gebou, wat 'n gelowige is, moet hiernatoe kom en by my staan net 'n oomblik. Ek wil egte gelowiges hê nou. Onthou, ons wil nie skyngelowiges hê nie. Ons wil egte gelowiges hê. Kom hier en staan op die platform. Gaan iets sien gebeur nou. "Ek glo jy het vir my die Waarheid vertel."

193 Nou onthou, wees baie stil nou net 'n oomblik, soos hierdie predikers kom, wil ek iets vir julle sê. Nou wat, wat sal gebeur? Julle aksie, vanaf julle aksie. . . Iemand het gegly. Dis in die haak. Julle aksie, van hier af aan, sal julle oordeel wees. Hoeveel glo dit, steek julle hand op.

194 Nou almal wat het—wat 'n—'n gebedskaart het, staan op oorkant aan die regterkant hier, gaan oor na *hierdie* kant. Julle, elkeen van julle in julle paadjie, staan buite aan die regterkant van julle paadjie, in die regterkant van julle paadjie.

195 Nou hulle op die ander punt daar oorkant, sal moet uitkom *hiernatoe*. Goed.

196 Almal aan *hierdie* kant, met gebedskaarte, staan op in *hierdie* paadjie; soos hierdie, aan die regterkant. Dit sou die linkerkant wees. Ek is jammer. *Hierdie* kant hier oorkant sou julle regterkant wees. Dis aan julle linkerkant. Nou kom reguit om soos daardie, vorm julle lyn.

197 Nou al julle predikers kom hier en maak 'n dubbel ry, reg hier oorkant, twee rye reg op na hierdie kant; reg *hier* om en reg *hier* om, elkeen van julle.

198 Nou hoeveel van julle glo? Steek julle hand op, sê: "Nou weer wil ek God wys dat ek absoluut glo dat Markus 16 die Waarheid is," steek julle hand op. "Ek aanvaar dit nou."

199 Hoeveel daarbuite wat nie in die gebedsry sou wees nie, sal bid vir diegene wat in die gebedsry is, en die hele groep van ons saam sal bid as gelowiges? Steek op julle hand.

Nou laat ons bid.

200 Here Jesus, U is God. U is die groot "EK IS," nie die "Ek was," of "Ek sal wees," nie. U is "EK IS," teenwoordige tyd. Daar is geen krag wat in U pad kan staan nie. U is God, en daar is niemand soos U nie. U laat U Woorde bevestig word. U het dit bewys aan ons, deur die getuies vanmiddag in hierdie verhoor; hierdie jurie, en ook hierdie hof, en die regters wat sal wees.

201 Ons het die verhoor gehou, regverdiglik. Ons het geneem wat die vyand gesê het. Ons het geneem wat die aanklaer gesê het. Ons het geneem wat sy getuies gesê het. Ons het dit teruggebring na die Getuie vir die Verdediging, en Hy het bewys dat God geregverdig is om hierdie stellings te maak, omdat Hy dit laat geskied, aan die gelowige, deur baie meer getuies as wat die ongelowige getuies kan voortbring. Nou weet ons dat dit waar is. Dit lê net of die mense Dit beoordeel het as reg, die Woord van God, om die Waarheid te wees.

202 Skenk, Here, dat elkeen wat deur hierdie rye gaan hier. . . Vader, hierdie manne wat hier staan. Nadat ek weg is, mag iemand sê Broer Branham het hande op hulle gelê, maar ek wil hê die mense moet weet dat hierdie pastore net soveel reg het om hande te lê op die siekes as wat enigiemand het. Hulle hoef nie te wag dat 'n spesiale tyd evangelis verbykom nie, maar hulle eie pastoor het die reg om hande op hulle te lê. God, skenk dat elke persoon wat deur hierdie lyn van hande gaan, vandag; wat geroep is en verordineer is van God, om hande te lê op die siekes.

203 Ons weet ons het nie heilige hande nie, maar ons kyk nie na onsself nie. Ons kyk na ons offer, Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd, Wie nou bloei voor die troon van God, om ons te reinig, om Sy opdrag uit te voer. Skenk, Here, dat elke man, vrou, seun, of meisie, wat deur hierdie lyn gaan, van hierdie platform af sal gaan, blymoedig, net dieselfde as of hulle normaal was en gesond en reg. Skenk dit. Mag hierdie jurie oordeel, wat hulle aanspraak maak dit was, Hy geregverdig was, en mag die oordeel wat hulle uitspreek, nou hulle aksie wees van hier af. Help ons, God, in Jesus Christus se Naam. Amen.

204 Broer Roy Borders of 'n sangleier, as julle hiernatoe sal kom net 'n oomblik en lei. Nou met julle oë gesluit.

205 Nou val net in die ry in, soos julle ry verbykom. Kom hierdeur. Ons het gebid, elkeen van hierdie manne. Waarom ek hulle hierbo sit, was hiervoor. Nou julle *hier* oorkant moet *hiernatoe* afkom en reg in lyn val met hierdie, met hierdie hier, soos hulle uitkom, sien. Reg. Nou wag net totdat hulle. . . Wag totdat hulle weggaan. Wag totdat *hierdie* ry uitkom; dan jy, dame. Net hier, suster, wag net daar. Sien, wag net daar, sien. Plekaanwysers, party van julle help hulle daar, sien. Sien, julle moet *hierdie* ry laat uitkom, *hierdie* rye laat uitkom, en *hierdie* ry hulle laat volg, sien, laat deurkom.

206 Nou as julle hier deurkom met net veronderstelling, net raaiwerk, bly uit daardie ry; mag julle erger maak. Maar as julle hier deurkom, gelowig, is daar niks wat dit uit julle gaan wegneem nie. Hoeveel weet dat van hier af, hierdie die beslissende tyd is? Julle wat in die lyn is, sê: "Dit is dit. Ek glo dit. Niks meer om daaroor te kla nie. Dis verby net nou. Ek het die Woord van God aanvaar." As julle dit nie doen nie, moenie in die ry kom nou nie. Glo julle met julle hele hart nou, en kom.

207 God het Homself bevestig deur die Woord, en die getuies en verhoor, teenwoordig op die oomblik: "dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Daar is niks oor behalwe om hande te lê op die siekes, en hulle sal gesond word nie. Hier is julle pastore. Julle weet hulle is gelowiges. Hulle is julle herders.

208 En ek wil nie hê julle moet die indruk kry dat ek, Oral Roberts, of iemand anders, die enigste persoon is wat verordineer is om dit te doen nie. Elke prediker is verordineer om dit te doen. Elke gelowige, of hy 'n prediker is, of nie, is verordineer om dit te doen. Elke persoon wat glo, het 'n reg om hande te lê op die siekes, en hulle sal gesond word.

209 Ek sê nie julle pastoor of enigiemand sou die gawe van onderskeiding neem nie. Hulle hoef dit nie te doen nie; dis nie hulle roeping nie. Dis nie hulle roeping, om dit te doen nie. Dit moet een in 'n eeu wees.

210 Maar-maar ons vind uit, dat julle geroep word, as 'n gelowige. "Hierdie tekens sal vir *hulle* volg," dit wys nie enige persoon uit nie: "Hulle wat glo." Glo julle dit nou met julle hele hart.

211 Broer Roy, jy lei die sang, *Glo Net*. Almal in gebed. Predikers, soos hulle verbykom, lê hande op hulle. En lekedom en vriende, wanneer jy hier verbygaan, moenie een twyfel in jou gemoed hê nie; gaan net regdeur die ry, gaan hier uit, sê: "Dis afgehandel."

212 Nou onthou, julle was die jurie in hierdie saak. Julle het julle hand opgesteek dat dit julle oordeel was. Almal verstaan, sê: "amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Julle het julle oordeel gehad. Nou wat julle hierna doen sal bewys of julle die waarheid vertel het of nie. Julle-julle oordeel sal gefel word deur wat julle van hier af doen. Dit sal wees. Julle sal die regter en jurie wees. As julle dit waarlik glo, moet dit gebeur. As julle skynglo, sal dit nie gebeur nie.

213 Want, dis bewys deur die Woord, deur die Teenwoordigheid van God, deur alles wat daar is. Is enigiets nie gedoen nie? As Hy net hier sou kom, vanmiddag, kon Hy jou genees? Nee, nee. Hy het dit alreeds gedoen. Sien? Hy's al. . . Daar is nie 'n ding oor om nou gedoen te word nie. Hy't Homself hier bevestig, deur die Woord, alles bewys. Die enigste ding wat jy moet doen. . . Jy moet jou besluit maak, jy het die verhoor gehoor, jy het die oordeel gefel, kom nou en wys jou oordeel. Amen. God seën julle.

214 Goed. [Broer Borders begin die gemeente lei in *Glo Net* te sing—Red.]

215 Bid nou, broers. En laat elkeen van die plekaanwysers net die mense laat deurkom. Staan 'n bietjie nader nou. Elke man raak daardie kind aan, raak almal aan. Elke man raak daardie mense aan, met geloof nou. Sluit julle oë nou. [Broer Branham en die predikers bid en lê hulle hande op die mense. Leë kol op band—Red.]

Glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net;
Glo net, glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net.

216 Nou kan julle dit so sing: "Nou glo ek, net nou glo ek dit"? Julle het? Steek julle hand op, sê: "Ek glo dit regtig." "Vir hulle wat glo sal hierdie tekens volg!"

Alle dinge is moontlik, glo ek nou;
O, glo ek nou, glo ek nou,
Alle dinge is moontlik, glo ek nou.

217 'n Tyd gelede, omtrent vyftien jaar gelede, onthou ek om een aand uitgeroep te word na 'n hospitaal, na 'n seun wat sterwend was met swart witseerkeel. Daar was. . . die hart het

swak geraak in hom. En die vader het bly kom na die diens, om-om my te kry om te gaan bid vir die seun. En die seun was omtrent vyftien, sestien jaar oud. En ek was net so besig, ek kon dit nie doen nie. En uiteindelik . . . As-as-as jy dit na een neem, dan is dit die ander, julle weet. So die vader het bly aanhou, gewag tot die tyd. Uiteindelik, een aand na diens, het ek na die hospitaal gegaan. Wel, die dokter het vir my gesê dat ek nie kan ingaan nie. Hy het gesê: "Want, die—die seun het die witseerkeel op hom, en jy is 'n getroude man en jy kan nie ingaan en daardie kiem kry nie."

218 Wel, ek het hom gevra: "Laat my net asseblief ingaan." Die man was Katoliek. En ek het gesê, ek het gesê: "Is jy 'n Christen?"

Hy het gesê: "Ek's Katoliek."

219 Ek het gesê: "As 'n priester hier gestaan het en die laaste plegtighede van die kerk aan die seun wou bring-bring, sou jy dit aanvaar het?"

220 Hy het gesê: "Dis anders. Dis 'n priester. Jy's 'n getroude man."

Ek het gesê: "As ek 'n vorm teken, al die verantwoordelikheid neem?"

Hy het gesê: "Ek kan dit nie doen nie, meneer."

221 En ek het gesê: "Asseblief." Ek het dit gesê: "Ek is net soveel vir daardie mense as wat 'n priester vir jou sou wees."

222 Uiteindelik, het hy my aangetrek soos 'n Ku Klux Klan, met al daardie wit goed, en my ingevat, en ek het na die seun gegaan. Hy was bewusteloos, twee of drie dae. Sy hart was net kwalik aan die klop. Ek vergeet wat die respirasie was, baie min, net skaars gebloei, geklop. En die ou vader en moeder het daar gestaan.

223 En ek het net neergekniel, en net 'n eenvoudige gebedjie, hande op hom gelê, ek het gesê: "Here Jesus . . . " Ek het hierdie Skrif gebruik. "U het gesê: 'Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg.' Hier is vader en moeder, hulle sou nie volhardend wees en aanhou vir my om hande te lê op daardie seun, as dit nie was dat hulle dit geglo het nie. En, Here, ek sou nie hiernatoe gekom het as 'n bespotting nie. Ek glo dat wat ek gesê het en geleer het die Waarheid is." En ek het gesê: "Ek seën die seuntjie, in die Naam van Jesus Christus; laat hom lewe."

224 En toe ek opgestaan het, het die ou vader en moeder mekaar begin omhels, en gesê: "Is dit nie wonderlik nie, moeder! Is dit nie wonderlik nie!" Die seun het glad nie verander nie; net daar gelê. En ek—ek het na hulle gekyk.

225 En die verpleegstertjie wat daar gestaan het, sy was 'n spesiale verpleegster, 'n gegradueerde, en sy was daar oorkant die seun aan die dophou. En sy het gesê aan die moeder, sy het gesê: "Hoe kan jy so optree, en weet jou seun is sterwend?"

226 En die ou vader, soos hy omtrent was, o, ek reken, hy was agt-en-vyftig, sestig jaar oud, het sy hande oorkant op haar skouers gelê, soos 'n ou vader sou. Hy het gesê: "Kind," het hy gesê: "daardie seun is nie sterwend nie," het hy gesê.

227 "Meneer," gesê, ek weet nie wat dit was nie, een of ander kardiogram of iets, gesê: "sy—sy respirasie het so laag gegaan, en met daardie siekte, is dit nie bekend in die geskiedenis, as dit ooit in daardie toestand beland, dat dit ooit weer terugkom nie."

228 En die ou partriarg het sy oë afgevee en na haar gekyk. Ek sal dit nooit vergeet nie. Hy het gesê: "Skat, jy kyk na 'n diagram. Dis wat jy opgelei is om na te kyk. Ek kyk na 'n belofte wat God gemaak het. 'Hulle hulle hande op die siekes lê sal hulle gesond word.'" Die seun is getroud en het drie kinders, 'n sendeling in Afrika. Dit hang af waarna jy kyk.

229 Nou daar mag sommige hier wees, wat hier gekom het, wat nie 'n gebedskaart gehad het nie. Ek het die seun daaronder gevra. Hy het gesê: "Daar is sonder twyfel dat daar agter baie is, pappa, wat nie 'n gebedskaart gekry het nie."

230 Hoeveel gelowiges is hier dan? Steek op julle hande. Sal julle dit doen, terwyl ons sing: "Nou glo ek"? Nou God was goed vir julle. Sal julle nie, as 'n gelowige . . . Dit maak nie enige verskil wie se hande dit is nie, solank dit 'n gelowige is. Sien? Sal julle julle hande net op mekaar lê, en ons sal hierdie lied saam sing: "Nou glo ek." En totdat ek julle ontmoet, God sy met julle!

Nou glo ek,

Dis reg, lê julle hande oorkant op iemand naby julle.

Nou glo ek,
Alle dinge (maak nie saak wat verkeerd is nie, alle dinge is moontlik) is moon- . . . (In Jesus se Naam!)
Glo ek nou, o, nou . . . ("Nou maak ek nie grappies nie. Nee, hierdie, nou doen ek dit.")
Alle dinge is moontlik, o, glo ek nou.

231 Nou almal wat dit glo, steek julle hande op soos *hierdie*: "Ek glo dit nou." God seën julle.

Weer ontmoet! . . . ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet; weer ontmoet!
Weer ontmoet; weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

Nou met ons hoofde gebuig.

Tot ons . . .

232 Mag God met julle wees, waarlik, die dood se dreigende golwe voor julle wegslaan, julle van oorwinning na oorwinning

neem. Eendag, mag ons liggame verander word en gemaak word soos Sy Eie verheerlikte liggaam, waar ons nie meer sal bid vir die siekes nie. Tot dan, mag God met julle wees, totdat ons ontmoet. [Broer Branham neurie—Red.]

Weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

233 Nou laat ons ons hoofde buig vir die afsluitingsgebed. Wie gaan bid? [Iemand sê: "Broer Gibson."—Red.] Broer Gibson nou, terwyl ons ons hoofde gebuig het.

DIE VERHOOR AFR64-0621
(The Trial)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagmiddag, 21 Junie 1964, by die Munisipale Ouditorium in Topeka, Kansas, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2008 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org